## ONS WEDSTRYD UITGESTEL!

Aan almal, maar veral aan die studente, wil ons meedeel dat ons ons boekwedstryd op versoek uitgestel het tot

**1 JULIE 1946.**

Daar is dus nog 'n kans vir u om mee te ding!

***Onthou ons Voorwaardes!***

(a) Alle manuskripte moet getik wees en slegs aan eenkant van die papier met dubbelspasiëring.

(b) Die C.S.V.-Boekhandel behou die reg op uitgawe van alle verdienstelike ingestuurde manuskripte ingesluit die pryswinnende manuskrip teen 'n outeursaandeel van 15 persent.

(c) Die C.S.V.-Boekhandel dra geen verantwoordelikheid vir manuskripte wat verlore mag gaan nie.

(d) Stuur alle manuskripte behoorlik gemerk „Boekwedstryd" aan

Die Algemene Bestuurder,

**DIE C.S.V-BOEKHANDEL**

**PLEINSTRAAT STELLENBOSCH**

EN ONTHOU!

**ONS BIED £325 AAN IN PRYSE**

vir

Die beste Christelike roman van ongeveer 50,000 woorde;

Die beste Christelike verhaal vir seuns en/of dogters van ongeveer 40,000 woorde.

Die beste Christelike verhaal vir kinders van 4 tot 10 jaar oud van ongeveer 20,000 woorde.



**Die Plaza**

Foon 0013

WITHOUT LOVE

SPENCER TRACY

KATHARINE HEPBURN

Donderdag, Vry en Saterdag

13, 14 en 15 Desember

Matinee Saterdag



***WEET U?***

**U weet seker hoe swaar dit soms is om geldjies te kry vir die ditjies en datjies?**

Sorg dat u toekoms nie, ná 'n suksesvolle Universiteitsloopbaan, deur gebrek aan geldelike vermoë belemmer word nie. Jong professionele manne en vroue weet dat hulle sal miskien lank moet wag voordat hulle 'n winsgewende betrekking sal kan opbou. Dokters of prokureurs moet 'n praktyk of vennootskap koop. Die maklikste en beste manier om u planne te bewerkstellig is om nou te spaar en u besparings in UNIE-LENINGSERTIFIKATE te belê.

**Koop hulle deur middel van Negepennie Spaarseëls, of vir kontant, by enige Poskantoor.**



**DIE MATIE**

Alle Korrespondensie aan:

DIE REDAKSIE,

„DIE MATIE,"

Posbus 197,

STELLENBOSCH.

Deel V. 13 Des. 1945. No. 25.


## A.N.S. WORD AANGEVAL

Sedert die laaste verskyning van Die Matie is daar 'n aanval geloots teen die A.N.S. deur 'n blad van wie die A.N.S. dit nie verwag het nie, en op 'n wyse wat die blad onwaardig is. Hierdie onwaardige verdraaiing van feite is gedoen deur niemand minder as die Huisgenoot nie.

Die aanval het hoofsaaklik berus op twee skewe bewerings. Eerstens sou die A.S.B. wat tot 1933 bestaan het aan twee opvoedingsinrigtings in die Noorde (die A.N.S. bestaan op 12 inrigtings) die ware Afrikanergees ge-adem het en sedertdien ontwikkel het in 'n onafrikaanse rigting. Tweedens sou die A.N.S. nog niks gedoen het nie.

Baie tereg het mnr. Hertzog, 'n oud-A.S.B.-bestuurslid en oud-A.N.S.-hoofraadslid, die redakteur van sy dwaling probeer reghelp. Hierop het dieselfde redakteur in onkiese uitdrukkings rondgestamel teen die A.N.S. en hom van halfbakke menings beskuldig. Ook praat hy van die A.N.S. wat ontbind is (hy wens dit seker) soos blykbaar hy alleen weet en besluit het.

Ons wil volstaan met mnr. Hertzog se raak antwoord in die Huisgenoot van 16 November maar op die onware kommentaar van die redakteur op die brief, wil ons net vra: wie het die buitelandse studentetoere georganiseer na 1933? Wie het namens die Afrikaner-Studentedom die stryd vir moedertaalonderwys in 1943 gevoer en die erkenning van studenterade en owerhede oor die land gekry? Wie het met die landsdiensgedagte op die voorgrond getree totdat die hele gemeenskap dit aanvaar het? (Dink alleen maar aan Stellenbosch!). Wie het op 4 September 1939 die Studentedom gemonster teen die regering se oorlogsverklaring in Suid-Afrika? Wie het reeds voor die Ossewatrek in 1938 volkspele begin propageer en die grondslag gelê van die nuwe rigting in ons kultuur? Wie het die stryd teen Nusas gevoer op die Universiteite onder leiding van Dr. N. Diederichs, Dr. P. J. Meyer, Ds. D. C. S. van der Merwe en talle vooraanstaande leiers en die akklamasie gekry van die hele Afrikanerpers waaronder Die Huisgenoot self, asook alle Afrikanerleiers wat vandag nog die leiers is van die H.N.P.-, O.B. en ander kultuurorganisasies? Wie het die stryd teen die Kommunisme en Nusas op Wits gevoer en Afrikaners saambegind in 'n titaniese stryd om regverdigheid in die Universiteit? Wie het die republikeinse staatsvorm aanvaar namens die Studentedom en 'n vryheidsmanifes namens die Afrikaner-student uitgevaardig wat deur die hele Afrikanerpers gehuldig is as 'n uitstaande mylpaal in die Afrikanerstudent se vryheidstryd? Wie het die voortou geneem in die land in die stryd om die erkenning en instelling van Heldedag as vakansiedag reeds in 1938? Elke persoon wat die Studentegeskiedenis ken, weet wie — die Afrikaanse Nasionale Studentebond!

# VAE VICTIS as British Fairplay Vervaardig Word

Met farisese eiegeregtigheid het 'n Britse parlementslid onlangs die wêreld verseker dat die verhoor van die Duitse „oorlogsmisdadigers" te Nürenberg op streng juridies-korrekte wyse sal plaasvind. Gevolglik hoef die Forum nie bevrees te wees dat die verhoor die opvatting van geregtigheid in diskrediet sal bring nie, deurdat daar motiewe van wraaksug en vergelding sal by te pas kom, wat dan met die toisel van die gereg sal beklee word.

Maar die verhoor het pas begin, of Geallieerde propaganda het reeds die opsomming voltooi en die uitspraak gelewer. Daar moet net nog besluit word of die a priori veroordeeldes geskiet of gehang sal word. (Ons meen dat in Engeland die doodstraf alleen met die strop voltrek word).

Dan was die Amerikaanse regter in die ou dae in die Weste tenminste eerliker, toe hulle 'n perdedief inbring en hy prontweg opmerk: Kyk, ons gee hom 'n allesins billike verhoor en dan neem ons hom uit en hang hom aan die eerste die beste boom op!

Tereg merk Die Vaderland oor hierdie travestie van die reg op: „'n Mens hoor reeds, uit die donkerte van hierdie beskaafde nag, die dodedans en voetegestamp in stygende tempo naderkom, presies soos die rituele waarmee ons kafferstamme vroeër hulle bloeddors opgewek het rondom oorwonne teenstanders wat weerloos aan boomstamme gebind staan".

Onder die veroordeelde misdadigers in Nürenberg sit Hans Fritsche, voorheen hoof van die Duitse radiodiens. Teenoor hom staan sy Engelse vis-a-vis Wickham Steed as 'n toonbeeld van geregtigheid. Dit laat 'n mens byna dink aan 'n toneeltjie in die Tempel.

### HULLE WEET WAARVAN HULLE PRAAT

Die advokaat vir die verdediging van die aangeklaagde kommandant van die Belsenkamp, die Engelse offisier, majoor W., het in sy pleidooi, tot ergernis van baie Engelse en Amerikaners, aangevoer dat die Duitse interneringskampe maar 'n navolging was van die eerste sodanige kampe in die oorlogsgeskiedenis, nl. dié wat die Engelse in 1900 in Suid-Afrika ingestel het, en dat die Duitse kampe moontlik nie beter of slegter as die Engelse kampe was nie. En nou kla die Rooi-Kruisvereniging dat die Franse interneringskampe vir Duitse krygsgevangenes erger is as Belsen en Buchenwald. Daarom het die Amerikaners reeds 100,000 Duitse krygsgevangenes wat hulle aan die Franse oorhandig het, teruggeëis. Maar ons wag nog op die berig dat die Franse kampkommandante as oorlogsmisdadigers gaan tereg staan. Wat wou! British fairplay het maar een kant!

### 'N MAN 'N MAN, 'N WOORD 'N WOORD!

Tot ergernis en kwelling van 'n sekere Minister het genl. Kemp onlangs beloof, dat ons in Suid-Afrika ook 'n verhoor van oorlogsmisdadigers gaan kry, sodra die H.N.P. aan die bewind kom.

Mooi so, Generaal! Hou voet by stuk, en die „Matie" gee aan die hand dat u begin met die verhoor **in absentia** van die kommandante van 'n paar Engelse konsentrasiekampe in Suid-Afrika, b.v. dié van Bethulie en Springfontein, en dat majoor W., wat die verdediging in Belsen waarneem, as aanklaer sal optree.

## Kersfees by die Hospitaal vir Aansteeklike Siektes

In baie verskillende wyke is onlangs kersvierings gereël deur lede van die C.S.S.B. 'n Kersboom is o.a. ook gehou by Du Toit-stasie waar daar 'n program vir die aanwesiges gereël is, en pakkies lekkernye uitgedeel is. Op Vrydag, 23 Novermber, is ook by die Hospitaal vir Aaansteeklike Siektes 'n kersboom gehou, en sowat dertig studente het meegehelp om aan die pasiënte 'n genoeglike aand te verskaf. Die matrone en haar staf het saamgewerk, en beddens is uitgestoot sodat almal wat gesond genoeg was, kon sien wat op die grasperk uitgevoer is. Sangduette is gelewer deur mejj. Lettie van Velden en Rykie van Schalkwyk en mnr. Andries Treurnicht en Martina Roos, en voorstellings uit die Bybel is uitgevoer. Ook is gewyde liedere gesing. Hierna is geskenkies, vrugte en blomme uitgedeel aan al die pasiënte, verpleegsters en die matrone. Na afloop van die verrigtinge, wat gereël is deur mnr. Paul le Roux en mejj. Alda Uys, Ria Bruwer en andere, het mev. dr. D. F. du Toit die hartlike dank van die Vroue Komitee van die hospitaal aan hulle oorgebring. Ook het een van die pasiënte self 'n paar woorde van dank namens homself en sy mede-pasiënte aan die studente gerig.

Hierna is 'n paar liedere gesing vir die bed-pasiënte wat nie die kersviering kon aanskou nie, en hierna is almal met koeldranke onthaal.

## Galaweek B.T.K.-Toer

Vir die eerste keer in baie jare het 'n 34-tal geesdriftige B.T.Kaners weer 'n toer deur die Kaapse Skiereiland afgelê, onder die bekwame leiding van Fransie du Toit en Jean Marais as kosmoeder. Tenspyte van 'n baie seer sonverbrande paar bene, het Giepie Louw tog nog sy veelvuldige pligte as kampvader kon vervul, terwyl Sarie Pienaar as „Chappie" saamgegaan het.

Vanaf Kloofnek het die span al langs die met-branderbespoelde strande gestap, en die eerste kamp by Houtbaai opgeslaan in 'n skilderagtige omgewing van blou branders en bosbegroeide berghange daaragter. By Kommetjie en Buffelsbaai is ook kamp opgeslaan, ver weg van mensegewoel, en by laasgenoemde is 'n dag oorgebly en na Kaappunt gestap. Hier is toe 'n besoek gebring

(Vervolg op bls. 4, kol. 2)

**Rook Springbok-Sigarette**

## Onderskeiding

Die „Matie" wens die ondergenoemde studente van harte geluk met die onderskeiding (cum laude) wat hulle toegeken is by die verkryging ver vermelde grade; asook die here aan wie die doktorsgraad toegeken word op genoemde proefskrifte:

**B.A.**

Baumbach, Lydia.
Robertson, F. S.
Steyl, G. C.
van der Horst, Jeanne.

**B.A. in Maatsk. Werk**

Steyn, Elizabeth.

**B.Sc.**

Basson, J. K.
Beck, W.

**B.Ed. in Huishoudkunde**

Roos, Martina.

**B.Sc. in Landbou**

Le Roux, J. (Wynbou).

**B.Sc. (met Ingenieursvakke)**

Linde, M. J.

**B.Sc. in Ingenieurswese**

Joubert, J. D.
Loedolff, G. F.
van Straaten, J. F.
van Wyk, H. F.

**M.A.**

de Villiers, W. B. (Filosofie).
Retief, Sophia (Geografie).

**M.Sc.**

Maree, W. A. (Soölogie).
van der Merwe, J. H. (Toegep. Wiskunde).
van Pletzen, R. (Soölogie).
Verster, G. P. (Chemie).

**M.Ed.**

de Villiers, D. I.

**DOKTORSGRADE**

**D.Phil.**

Grundlingh, M. A. S. (Op proefskrif: „The Parliament of the Cape of Good Hope, with special reference to party politics, 1872-1910").

**D.Sc.**

Brink, W. C. (Op proefskrif: „The Geology, Structure and Petrology of the Nuwerus Area, Cape Province").

Marais, E. J. (Op proefskrif: „The Rotational Structure of the Band Spectrum of the Diatomic Phosphorus Molecule with special reference to Perturbations").

**D.Sc. in Landbou**

Stubbings, W. A. K. (Op proefskrif: „Studies on the Bionomics and Control of the Pear Bud Mite Eriophyes Piri, Pag.)

**D.Ed.**

Pienaar, S. W. (Op proefskrif: „Die Organisasie en Probleme van die Plattelandse Hoërskole).

Van Vuuren, J. C. J. (Op proefskrif: „'n Kritiese Opname van Planne en Prosedures i.v.m. die Onderwys van Engels as Tweede Taal in die Middelbare Skole van Kaapland").

**D.Ed.Ph.**

Postma, J. W. (Op proefskrif: „Ondersoek na die Wetenskaplike Basis van die Europese Strominge in die Liggaamsopvoeding van 1900 tot 1940").

**EREGRADE**

Die graad D.Ed. (honoris causa) word toegeken aan ds. A. D. Lückhoff

en

Die graad D. Phil (honoris causa) aan ds. W. Nicol.

## Ernst Marais Na Amerika

Stellenbosch voel trots dat een van sy senior-studente binnekort na Amerika vertrek vir verdere studie. Ons dink hier aan Ernst Marais. In 1938 het Ernst sy studie aan U.K.O.V.S. begin, waar hy in 1940 die B.Sc.-graad met onderskeiding verwerf het. Hy het daarna vir die M.Sc-kursus ingeskryf op Stellenbosch, wat hy ook met hoë onderskeiding in 1941 verwerf het.

In 1942 is hy aangestel as lektor aan die Rhodes Universiteitskollege op Grahamstad.

In 1944 het Ernst egter weer na Stellenbosch teruggekeer, waar hy vir die D.Sc.-graad ingeskryf het. Sy verdienstelike werk is bekroon met A. B. Webb-Stipendium en 'n beurs van die Nasionale Navorsingsraad, wat hom in staat sal stel om sy studies in die buiteland voort te sit.

Ernst hoop om binnekort akkommodasie op 'n boot na Amerika te kry, waar hy aan die Colorado Skool van Myne verder sal studeer in die Geofisika. Wanneer hy terugkom, aanvaar hy 'n betrekking by die pasgestigte Nasionale Fisiese Laboratoriums.

Vandag word die graad D.Sc. aan hom toegeken. Die „Matie" wens hom hartlik geluk met hierdie prestasie wat hy deur sy verdienstelike werk verdien het.

Hiermee wil die „Matie" ook sy dank betuig vir die medewerking op die redaksie, waar sy interessante rubriek „Wetenskaplike Brokkies" baie bygedra het tot die prestige van die blad.

Alle sukses Ernst!

## Maties Wat Poste Aanvaar Het

**Mnre. Francois Ungerer, Laubscher en Theron**, wat vanjaar hul B.Comm.-graad verwerf het, is van plan om as rekenmeesters opgelei te word.

**Mnr. Jan Reinecke** het 'n pos aanvaar by die Sagtevrugteraad.

**Mej. Esther Cilliers** van Sonop het 'n aanstelling gekry op Bellville Hoërskool.

**Mnr. Koos le Roux**, wat vanjaar sy B.-Sc. Landbou verwerf het, sal vanaf volgende jaar werksaam wees by die K.W.V. in die Paarl.

**Mnr. Boesman van Niekerk** het 'n ligaamsopvoeding-pos aanvaar te Outjo,S.W.A.

**Mej. Tertia Kloppers** van Sonop het 'n onderwyspos op Bethlehem aanvaar.

**Mej. Maria Steyn** van Sonop sal volgende jaar op Ladybrand onderwys gee.

**Mejj. Marie van Zyl** en **Jeanne Rossouw** het albei huishoudkundeposte op George aanvaar.

**Mej. Ina de Klerk** het 'n aanstelling as onderwyseres in Moorreesburg gekry.


SO PAS ONTVANG —
Die Beroemde
MENTMORE „DIPLOMA"
en
GOLDEN PLATIGNUM VULPENNE
7/6 en 12/6
COLUMBIA CHROMIUM
en die beroemde
„IM" GRAMMOFOONNAALDE
—o—
R. Müller's
Musiekhandel, STELLENBOSCH

HALDENWANG
HEERLIKE GEBAK—NET WAT U HART BEGEER
Kom besoek ons winkel in PLEINSTRAAT
en probeer ons Koek, Tert, Vleispasteitjies en alles wat lekker is.
(Foon 135)

MATIES!
Netheid Tel Baie!
Ons Tik- en Afrolwerk sal u help.
VERTAALBURO, Stellenbosch
Dorpstraat, Posbus 180.
(Foon 486)

WELKOM MATIES !
REFLEX STUDIO
Andringastraat.
DIE STUDENTE-AFNEMER.

Suikerbossie
Melksalon
So Bediening is Uitstekend, Ontmoet Jul Vriende Hier Om 'n Lekker Koppie Koffie.
Ons pas geopende
BILJARTKAMER
(5 tafels) is die mooiste en netjieste in die W.P.

Foon 94
Santy se
Bottelstoor
En probeer ons groot verskeidenheid Soetwyne en keurige Aptyt-drankies.

PROBEER
ons
VERKOUE- EN INFLUENSA-GENEESMIDDEL
2/6 per Bottel
JOERNING en SEUN
(EIEND.) BPK.
Foon 24
GESTIG 1850

Pro Ecclesia-Boekhandel
Wil al die Studente wat vandag hul grade ontvang
Van Harte
Gelukwens !
Mag u leiding, waar u u gaan vestig, 'n voorbeeld vir almal wees en mag u nog altyd terugdink aan Stellenbosch en u Alma Mater.
En as u terugdink aan Stellenbosch, dink u ook aan PRO ECCLESIA-BOEKHANDEL, wat u nog steeds sal dien soos hulle u op Stellenbosch gedien het.
GEREELDE TOESENDING VAN PRYSLYSTE EN GEGEWENS VAN NUWE EN ANDER PUBLIKASIES SAL OP AANVRAAG GESKIED.
PRO ECCLESIA-BOEKHANDEL
Tel. 18 PLEINSTRAAT, STELLENBOSCH Posbus 29

Rook Springbok-Sigarette

DIE EIKE KAFÉ
Onder persoonlike toesig van
(Mnr. en Mev. van Zyl)
SIGARETTE en TABAK
SJOKOLADE en GEBAK
VARS VRUGTE
en
GROENTE
LIGTE ETES ALLE URE!
In ruil vir u gewaardeerde ondersteuning waarborg ons u
*DIE BESTE DIENSTE*

**Bedanking**

AAN STUDENTE EN HUISMOEDERS, WAT SO EDELMOEDIG VAN HUL WINTERKLERE GEGEE HET VIR

**Holland**

ONS HARTLIKE DANK.

*Pas Ontvang*
*Materiaal*
vir
*UNIVERSITEITS-KLEURBAADJIES*
(Oud-Studente sowel as Teenwoordige)
●
VOORRAAD BEPERK
Plaas u bestelling vroegtydig
*Prys £5-17-6*
●
**Jac. J. du Toit en Kie.**
Offisiële Agente vir Universiteits-Kleurbaadjies
Pleinstraat — STELLENBOSCH

**Alfred Blommaert**
(Foon 48 en 176)
Kerkstraat,
STELLENBOSCH.
KRUIDENIERSWARE
- - YSTERWARE - -
- - PRODUKTE - -
Die Winkel vir billike en spoedige bediening.

Vir **BLAKENDE GESONDHEID** drink **HEERLIKE**
**KWV**
**DRUIWESAP**
*Onthou ! K.W.V.-Eau de Cologne is 'n besonder aangename en welriekende parfuum*

(Vervolg van bls. 2, kol. 4)

aan die lighuis op die mees suidelike punt van die Skiereiland, en menigeen was in ekstase, veral toe die son soos 'n vuurbal in die weste sak en die aandskemering oor die see toesak, om telkens verbreek te word deur die lig van die vuurtoring.

By Simonstad is verlof toegestaan om 'n besoek te bring aan twee „destroyers" van „Sy Koninklike Majesteit" se vloot uit Engeland. Die bote was voorsien van 4-duims-kanonne en 'n bemanning van sowat 140. Die toer is afgesluit deur 'n uitstappie na die top van Tafelberg, wat maar altyd weer mooi herinneringe na vore sal roep by menige B.T.Kaner.

Namens ons wat getoer het, ons innige dank aan die B.T.K.-bestuur wat vir ons hierdie so-besonder-aangename toer moontlik gemaak het. Nie alleen was die keuse van die toer-terrein die beste vir hierdie tyd van die jaar nie, maar dit het soms gelyk of Fransie sommer kan ruik waar die heerlikste kampplekke was.

So is nog 'n toer verstreke, en ons kan maar net weet:

Waar die see se branders skuimend
teen die hoë rotse slaan,
Het ons B.T.Kaners, op hierdie
Gala-toer gegaan.

*HENDRIKZ*
(Foon 95)
Vir ELEKTRIESE BENODIGHEDE, RADIO en alle Elektriese Reparasies
(Langs Voortrekker Apteek)
ANDRINGAST., STELLENBOSCH

*Klere van Hoë gehalte teen billike pryse*
●
J. THERON SMIT
●
Pleinstraat
STELLENBOSCH

HENDRIKSZ
die slagter, spesialiseer in
WORS en VLEIS
vir
BRAAIVLEISAANDE.
Andringastraat, Stellenbosch.

(Vervolg van bls. 1, kol. 2)

### TERUG OP STELLENBOSCH

In 1934 is prof. Naudé aangestel as professor op Stellenbosch. Hier het hy in 'n klein, ontoereikende geboutjie begin maar het gou planne beraam vir 'n nuwe instituut en het verbasend veel uitgerig in die opbouing daarvan. Ten spyte van baie moeilikhede is die fondamente van die Merensky-gebou in 1939 gelê, hoofsaaklik as gevolg van prof. Naudé se arbeid en bemoeiing.

Self het hy die elektriese installasie van die gebou onderneem om te verseker dat dit van die beste sal wees. Die gebou is in besit geneem aan die begin van 1941 en is tans die bestoegeruste instituut oor Fisika in Suid-Afrika.

Prof. Naudé was nou net in 'n posisie om die vrugte van sy baanbrekerswerk te begin pluk, toe hy geroep word om 'n nuwe groot werk te aanvaar.

### GROOT PRESTASIE

Die pos van Direkteur van die Nasionale Fisiese Laboratoriums in Pretoria is aan prof. Naudé aangebied. Hy was die enigste in die land wat vir hierdie pos in aanmerking gekom het. Juis daarom het hy hom geroepe gevoel om dit te aanvaar omdat hy gevoel het dat hy dit verskuldig was aan die Afrikanervolk.

Stellenbosch voel trots op hierdie onderskeiding wat prof. Naudé te beurt geval het.

### SY STUDENTE

Prof. Naudé het 'n groot aantal gevorderde studente gelei in hul doktorsgraadstudie, en sy mededosente wat onder hom gewerk het, het in hom altyd 'n uiters simpatieke en pligsgetroue hoof gehad. Dat hulle hom ten seerste sal mis, is seker. Hulle sal hom onthou, want die hele instituut dra onmiskenbaar die stempel wat hy daarop gedruk het. Die Merensky-gebou is 'n monument wat getuig van elf jaar se harde werk.

*Vir die maak van u volgende*
Paar Sandale
Skoene
BESOEK
**LUBBE**
EN SEUN
*die deskundige skoenmakers en repareerders*
Foon 440

### AS MENS EN AFRIKANER

Behalwe prof. Naudé se prestasies as wetenskaplike getuig sy prestasies as Afrikaner van sy veelsydigheid. Hy het sy gewig in die Afrikaner se gemeenskapslewe ingewerp en as gerespekteerde leier op baie terreine opgetree. O.a. was prof. Naudé 'n diaken in die kerk, kommandant van die Voortrekkers asook op die bestuur van verskeie verenigings.

Wanneer prof. en mev. Naudé vertrek sal Stellenbosch se gemeenskapslewe die verlies voel. Mev. Naudé het naas prof. Naudé 'n ryk en vol lewe tussen talle vriende en in verskeie verenigings gehad.

Die Universiteit het formeel van hom afskeid geneem Woensdagmiddag, 4-uur, in Dagbreek se vierkant. Sy mede-dosente en oud-studente het 'n informele byeenkoms gereël Dinsdagmiddag. As afskeidsgeskenk het hulle hom 'n lessenaarstoel en 'n goeie vulpen aangebied.

Prof. Naudé, die studente van die Universiteit van Stellenbosch wens mev. Naudé en uself die beste vir die toekoms toe.

(Vervolg van bl 1, kol 4)

myne van die Rand goed toegerus te kan inneem.

Die getal studente in die Ingenieurs-Fakulteit staan tans op sowat 150 en sal aanstaande jaar hierdie merk seker nog heelwat oorskry.

## Verlowing

Die Matie wens mnr. Ernst Marais en mej. Ester Beethge baie hartlik geluk met hul verlowing. Ons verneem ook dat mnr. Marais se ouers hier is vir die gradeplegtigheid. Aan hulle wil ons ook ons hartlike gelukwensing oorbring vir beide prestasies van mnr. Marais.

„FLORA"
BLOEMISTE
Plukblomme, Ruikers, Kranse, Skouerruikers, Geskenkmandjies, ens.
Pleinstraat — Stellenbosch

G. E. HENDRIKSZ
se viswinkel vir
VARS GEBAKTE VIS,
AARTAPPELREPIES,
SOUTVIS en KIPPERS.

**Gradedag Is Weer Hier !**
●
*Aan dié wat 'n graad toegeken is, sê ons: Hartlik Geluk. — Aan die ander kan ons alleen sê: Probeer weer.*

*Maar vir julle almal wens ons 'n GELUKKIGE KERSFEES en NUWEJAAR en bedank julle ook vir die ondersteuning van die afgelope jaar. — Ons sal uitsien na julle terugkoms, na 'n aangename en welverdiende vakansie.*
●
**Gebrs. DE WET**
*DIE WINKEL WAAR AL DIE MATIES KOOP.*

**BRILLE**
*As u 'n oogarts besoek het, bring dan u voorskrif vir u bril na ons.*

*PRYSE DIE BILLIKSTE EN WERK GEWAARBORG.*

*Die Stellenbosch-Apteek*
*(N. C. Hough)*
Andringastraat
STELLENBOSCH